



Winnie-nuus

Algemene nuusbrieff: 23 Augustus 2019

1. LEERDERDEELNAME EN -PRESTASIES

Veldteikenskiet:

Baie geluk aan die volgende Wonnies wat aan die Veldteikenskiet Wêreldkampioenskappe deelgeneem het:

- Danél van Tonder – 8ste plek (Junior)
- Devon du Toit – 10de plek (Junior)
- Dean van Zyl – 16de plek (Junior)
- Jordan Botes – 17de plek (Junior)



Jukskei:

Baie geluk aan die Jukskei met hul pragprestasies:

0/19 A (Seuns) wen teen HTS Tuine.

0/19 A (Dogters) wen teen Hoërskool Zwartkop.

0/19 B (Seuns) wen teen Hoërskool Gerit Maritz.

0/ 16 (Gemengde Span) wen teen Hoërskool FH Odendaal en Hoërskool Akasia.

Baie geluk ook aan Inus Venter was as Gauteng Noord Jukskei-afgrigter kwalifiseer.



Krieket (Binnenshuis):

Graag wens ons Gerhardus Diedericks geluk. Hy is verkies tot die 0/21 Gauteng Noord Binnenshuise Krieketspan.

2. REGISTERPERIODE - AFWESIGHEDE:

Volgens die *Policy on Learner Attendance* moet daar daagliks 'n tyd toegeken word aan 'n registerperiode.

Indien 'n leerder tydens die registerperiode nie in die klas is nie, word die leerder, soos deur die beleid uiteengesit is, afwesig gemerk. Ouers ontvang dan 'n SMS rakende die afwesighede. Leerders moet asseblief seker maak dat hul wel in die klas is tydens die neem van die register, aangesien dit 'n amptelike dokument is wat na die Departement gaan.

3. AFWESIGHEDE GEDURENDE DIE JAAR:

Afwesighede speel 'n groot rol in die leerder se akademiese vordering en kan bydra tot die feit dat 'n leerder die jaar druip. Volgens die "*Policy on learner attendance*" is u as ouer/voog verantwoordelik om te sorg dat die leerder skool bywoon. Indien 'n leerder afwesig is, moet u as ouer die skool in kennis stel van die rede vir afwesighede en die skool van 'n doktersbrief voorsien. Indien 'n leerder TIEN of meer dae, sonder 'n wettige verskoning vanaf u as ouer, afwesig is, kan die leerder volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84/1996 van die skoolregister verwyder word. Indien 'n leerder meer as TWINTIG dae afwesig is, kan die skool aanbeveel dat die leerder die jaar herhaal, al het die leerder reeds in die fase gedruip. Die leerder sal dus nie outomaties aanbeweeg na die volgende graad nie.

4. GRAAD 9 VAKKEUSE:

Graag herinner ons u as ouers daaraan dat die vakkeuse-vorm reeds op **27 Augustus** by die voogpersoneellid ingehandig moet word. Vir enige navrae, kontak gerus mnr. Deysel.

5. INTERHUIS: WÊRELDKENNIS-OLIMPIADE:

Baie geluk aan die spanne met kennis oor die wêreld:

1. **Spartane**
2. Samurai
3. Knights
4. Vikings



6. SOMERSDRAG:

Die dra van somersdrag neem in aanvang op 1 September. Graag wil ons u as ouers vra om nou al na u kind se voorkoms te kyk, sodat die somersdrag korrek kan wees. Verskeie leerders het aansienlik gegroei en klere pas nie meer nie. Kyk gerus na die skooldragvoorskrifte soos dit in die leerder se dagboek uiteengesit is.

Dogtersdrag:



Seunsdrag:



A handwritten signature in black ink.

M LEZAR
SKOOLHOOF